**Dis tyd dat mans 'halssnoer van versoening' aanbied**

**Delecia Davids***

Oproepe om standbeelde te verwyder en vir visuele regstelling in openbare ruimtes het weer tydens die #BlackLivesMatter-beweging en die daaropvolgende verwydering van standbeelde in die VSA en die VK opgeklink. Dit het met die debat rondom wat moet bly en wat moet verwyder word, waarmee moet dit vervang word, gepaardgegaan en selfs of ons enigsins "ons tyd moet mors" met hierdie proses.

'n Paar jaar gelede sou ek geredeneer het dat die geld wat op visuele regstelling spandeer word, beter aangewend kon word. Nou voel ek ons moet elkeen van ons visuele simbole ondersoek en onsself afvra waarvoor dit staan en wat herdenk ons deur hierdie mense op hierdie manier te vereer? Hoekom? Standbeelde, gedenkstene en plekke se name ontlok verskillende gevoelens en herinnering by elkeen van ons en dit beïnvloed ons gehegtheid en verknogtheid aan plekke. Jou sin van waar jy tuishoort word bedreig wanneer nie net simbole nie, maar ook beleide, strukture en selfs mense jou voorsê dat jy nie daar tuishoort nie – hetsy uitdruklik of nie en hetsy dit bewustelik is of nie.

Wanneer ons nie bewustelik insluit nie, is ons waarskynlik besig om per ongeluk uit te sluit (met die aanname van positiewe opset) en tans het die vroue van ons land nodig om bewustelik ingesluit te word. Dit gaan nie daaroor om saam by die tafel te kan aansit nie, maar dit gaan daaroor om 'n stem te hê. 'n Stem wat gewaardeer en gerespekteer word vir haar bydraes en vir ander tipe geleefde ervaring wat dit bring. 'n Stem waarna daar geluister word wanneer dit vertel hoe dit voel om voortdurend vir jou lewe te vrees; 'n stem wat nie eers bevraagteken word wanneer dit teen seksuele geweld verhef word nie, en 'n stem wat ernstig opgeneem word wanneer ons sê: "Genoeg is genoeg." Vrouedag (9 Augustus) en Vrouemaand is 'n goeie tyd om hierdie stemme ernstiger te begin opneem.

Vroue se stemme moet ook in ons gesprekke oor visuele regstelling gehoor word indien ons inklusiwiteit, versoening en die afbreking van patriargie ernstig opneem. Dit moet in verskillende forums en sektore van ons samelewing plaasvind.

Soos ons die afgelope paar jaar gesien het, het ons hoëronderwysinrigtings strydvelde oor die belangrikheid van en die behoefte aan visuele regstelling geword. By die Universiteit Stellenbosch (US) het ons onlangs die langverwagte proses van stapel gestuur om een van ons prominentste geboue, die RW Wilcocks-gebou, te hernoem. Toe die #Feesmustfall-beweging op sy ergste gewoed het in 2015, het studente wat die beweging by die US gelei en ondersteun het, die gebou beset en dit as Lillian Ngoyi House teruggeëis ter nagedagtenis aan die anti-apartheidsaktivis en vooraanstaande vroueleier van die vyftigerjare. Ek besef nou eers ten volle hoe belangrik daardie optrede was. Daardie terugeising en toe-eiening was 'n vreedsame vertoon van kollektiewe mag en verteenwoordiging, maar tog het dit meer skade aan die stelsels van onderdrukking en patriargie aangerig as wat enige geweldsdaad ooit sou kon. Hulle het verkondig dat "ons hier hoort!" en hierdie kollektiewe kopskuif sal altyd kragtiger wees as enige simbool of struktuur wat probeer uitsluit.

Ek sê natuurlik nie dat om bogenoemde gebou of enige standbeeld of gedenksteen na 'n vrou te vernoem alleen die oplossing is vir die baie genderverwante uitdagings wat ons in die gesigstaar nie. Maar wat ek hoop en glo, is dat 'n gesprek oor 'n nuwe en voorgestelde toekoms aan die gang kan sit: een waar vroue nie verdruk en vermoor word nie, maar op dieselfde manier as hul manlike eweknieë geëer word.

As dit ons vertrekpunt is, is die kanse goed dat ons nie in eindelose debatte sal verval oor wie die meeste opgeoffer of bereik het nie, want dit sal beteken dat ons bal misslaan. Wanneer ons by openbare ruimtes betrokke raak, soek ons aanduidings wat ons aan die waardes herinner wat die gom van ons gemeenskappe is omdat ons groot waarde aan hierdie plekke heg. Oor 100 jaar mag dit dalk nie meer saak maak met wie (menende watter vroue) ons die huidige ou vervang het nie. Dit is omdat ons kriteria vir heldinne en helde verander namate ons kultuur en waardes ontwikkel. Daarom sal die betekenis en gevoelens wat ons aan die simbole heg, ook mettertyd verander. Tog sal ons waarskynlik meer betekenis uit die proses om hulle te verander put, as wat ons kon put uit die feit dat hulle ooit in die eerste plek op die buitemure van hierdie geboue gepronk het.

Om betekenis uit so ’n proses te put, sal van ons vereis om ons posisionering binne geskiedkundige stelsels van onderdrukking en uitsluiting te ondersoek en om die ongemaklike taak aan te pak om vas te stel waar ons aandadig was en steeds is om hierdie stelsels te onderhou. Ons moet geleenthede skep vir insluiting van anders wat steeds uitgesluit was, veral vir vroue. Vrou hoort hier. Hulle behoort ook in deftige sierskrif op betonmure te pryk.

Die tyd het aangebreek vir mans en stelsels wat deur mans geskep is, om die halssnoer van versoening aan te bied wanneer die hernoeming van geboue, standbeelde, gedenkstene of ander openbare ruimtes op die agenda geplaas word. En indien vroue hierdie gebaar aanvaar, kan dit ’n skuif in die rigting van vooruitgang, insluiting, gelykheid en veiligheid beteken.

***Delecia Davids is ’n meesterstudent in Opvoedingsbeleidstudie en ’n deeltydse junior dosent in Kurrikulumstudie aan die Universiteit Stellenbosch. Sy is ook Mandela Rhodes-genoot.**